

AUTHOR:

Barend van der Walt

AFFILIATION:Skool vir Filosofie,
Potchefstroomkampus, Noordwes-
Universiteit, Potchefstroom**CORRESPONDENCE TO:**

Barend van der Walt

POSTAL ADDRESS:Private Bag X6001, Potchefstroom
Campus, North-West University,
Potchefstroom, 2520, South Africa**EMAIL ADDRESS:**

benniejvanderwalt@gmail.com

DATES:

Published: 21 Aug 2018

HOW TO CITE THIS ARTICLE:

van der Walt, B.J., 2018. 'n Kykie na kopstukke. *Filosofie op Potchefstroom die afgelope eeu (1917-2017). Deel 3: die uitbouers*. KOERS — Bulletin for Christian Scholarship, 83(1). Available at: <https://doi.org/10.19108/KOERS.83.1.2370>

COPYRIGHT:

© 2018. The Author(s).
Published under the Creative
Commons Attribution License.

'n Eeu van Filosofie op Potchefstroom (1917-2017) Deel 3: die uitbouers

ABSTRACT

A century of Philosophy at Potchefstroom (1917-2017) Part 3: the elaborators

*This article is the third in a series of four which outlines the history of philosophy at Potchefstroom during more than a century. Firstly, two main professors, F. Postma and S.O. Los, who taught philosophy up to about 1917 received attention (cf. Van der Walt, 2017). After this first period of **reconnoitring** followed a second of **systematisation** by Proff H.G. Stoker and J.A. Taljaard (cf. Van der Walt, 2018).*

*The present contribution covers the third period, viz. that of the further **elaboration** in various directions of a Christian-reformational philosophy. At the hand of their academic backgrounds, personal interests and publications the following seven heads of the Department of Philosophy (later School of Philosophy) march past: Proff B. Duvenage, N.T. van der Merwe, Pieter G.W. du Plessis, M. Elaine Botha, Johannes J. Venter, followed by an interim without a departmental head, Pieter J.J.S. Potgieter and Michael F. Heyns.*

This article is aligned with the framework of an extensive evaluative conclusion about the history of philosophy at Potchefstroom during more than a century as reviewed in this series. The fourth and final contribution will discuss the growing tension in the School has, by 2016, arrived at the cross-roads.

KEY CONCEPTS

Subjects: Philosophy; Christian-reformational thinking; North-West University; Potchefstroom University for CHE; Free University (Amsterdam); theology.

Philosophers: Duvenage, B. (1924-2011), Van der Merwe, N.T. (1932-2004), Du Plessis, P.G.W. (1932-2017), Botha, M. Elaine (born 1938), Venter, J.J. (born 1945), Potgieter, P.J.J.S. (born 1941), Heyns, M.F. (born 1961).

SAMEVATTING

*In h reeks van vier artikels is hierdie die derde wat die hooflyne van die geskiedenis van filosofie op Potchefstroom oor meer as h eeu beskrywe (vgl. Van der Walt, 2017 en 2018 vir die vorige twee). Nadat op h tydperk van filosofiese **verkenning** (tot ongeveer 1917) gelet is, is twee **sisteembouers** uit die tweede periode bekyk. Nou word nog sewe profiele van hulle opvolgers ten tonele gevoer, wat as verteenwoordigers van h derde periode van die **uitbouing** van h Christelike filosofie beskou kan word.*

Die volgende figure passeer die revue: (1) Benoon Duvenage (departementshoof vanaf 1974 tot 1980); (2) Nicolaas Theodor van der Merwe (vanaf ongeveer 1957 dosent en vanaf 1980 tot 1986 departementshoof); (3) Pieter G.W. du Plessis (dosent vanaf 1957 tot 1965 aan die PU verbonde en tussen 1988 en 1989 waarnemende departementshoof); (4) Marthina Elaine Botha (vanaf 1969 dosent en vanaf 1990 tot 1995 departementshoof); (5) Johannes Jacob Venter (vanaf 1970 dosent aan die PU, na h tydperk (1979-1974) by die Universiteit van Fort Hare weer terug aan die PU en vanaf 1996 tot 1998 departementshoof); (6) Vanaf 1999 tot 2001 verloor filosofie sy selfstandigheid deurdat dit demoveer word tot slegs h vakgroep binne een van die nuutgestigte

skole, die Skool vir Sosiale en Owerheidstudies waarvan prof Willie van Wyk die direkteur was. (7) Pieter Jacobus Johannes Stephanus Potgieter (vanaf 2001 tot 2008 direkteur van die nuwe Skool vir Filosofie); (8) Michael F. Heyns (vanaf 2002 dosent in Filosofie en vanaf 2009 tot op datum direkteur van die Skool).

Hierdie artikel word afgesluit met 'n breedvoerige evaluerende terugskouing op die geskiedenis van filosofie op Potchefstroom gedurende meer as 'n eeu. Die laaste (vierde) bydrae bespreek die groeiende spanning (sedert ongeveer 2010) en die huidige krisis in die Skool vir Filosofie.

TREFWOORDE

Onderwerpe: *Filosofie; Christelik-reformatoriese denke; Noordwes-Universiteit; Potchefstroomse Universiteit vir CHO; Vrije Universiteit (Amsterdam); teologie.*

Filosowe: *Duvenage, B. (1924-2011), Van der Merwe, N.T. (1932-2004), Du Plessis, P.G.W. (1932-2017), Botha, M. Elaine (gebore 1938), Venter, J.J. (gebore 1945), Potgieter, P.J.J.S. (gebore 1941), Heyns, M.F. (gebore 1961).*

1. Inleidend

In die vorige (tweede) artikel is spoor gesny op die pad van filosofie op die Bult, Potchefstroom tot by die uittrede as departementshoof van die tweede sisteembouer, Taljaard. Nou word die spoor vanaf die laaste kwartaal van die vorige eeu af opgetel met die aanstelling van Duvenage as departementshoof en daarna nog ses ander uitbouers.

Omdat hier, in plaas van net twee figure (soos in die vorige artikel ter sprake was) nie minder as sewe profielsketse gegee word, sal hulle sterk ingekort moet word. Verder laat 'n artikel ook slegs genoeg ruimte toe om van die figure alleen datums, hulle akademiese opleiding, latere publikasies en spesialiteite en ten slotte waarderings vir hulle uitgespreek, melding te kan maak.

Ter inleiding iets oor die akademiese milieu teen ongeveer die einde van die sestigerjare.

1.1 Die destydse denkklimaat aan die PUK

In die vorige artikel (Van der Walt, 2018, punt 2.6) is reeds daarop gewys dat daar onder filosofie verskillende opvattinge oor die veld van ondersoek en taak van die teologie as wetenskap was. Tydens sy bewind kon Stoker reken op die goedgesindheid van teoloë en Gereformeerde predikante, aangesien hy so 'n prominente, leidende rol aan teologie in die hele gebou van Christelike wetenskap toegeken het. Vir hom was 'n Gereformeerde-Ortodoks en Skolasties gekleurde teologie as *primus inter pares* in 'n Christelike wetenskapsgebou blykbaar ook nog aanvaarbaar.

Dit is te verstane dat na Stoker se aftrede (1964) as hoof daar bekommernis was by die Gereformeerde Kerk se teoloë en die PUK-bestuur (ook Doppers) oor die Vollenhoviaanse rigting van Taljaard en andere in die Departement. So 'n radikaal-reformatoriese denkrigting was in hulle oë kontroversieel.¹

Omdat van die topbestuur van die universiteit ook van mening was dat teologie eintlik maar die enigste werklik Christelike wetenskap kan wees, wou hulle die Christelike karakter van die PUK probeer verseker deur teoloë in sekere sleutelposse aan te stel.

1 Die huidige skrywer het hierdie konflik aan eie lyf ervaar by die gebeure rondom die eksaminering van sy MA-verhandeling by meer as een vergadering van die Senaat en wat daarna ook nog reperkussies onder teoloë van die GKSA gehad het.

Nog 'n tweede faktor het hierby 'n rol gespeel. Die PUK wou graag al sy studente met 'n Christelike lewensvisie opvoed – die Christelik-nasionale ideaal. Om daarin te slaag, is al vroeg 'n verpligte kursus vir alle studente ingestel. In Stoker se tyd is dit “Beginsel en metodeleer” genoem. Later het dit nog ander name gekry soos Interfakultêre Wysbegeerte en Wetenskapsleer en vandag het daarvan slegs 'n ongeveer neutrale “Verstaan jou wêreld” oorgebly.

Deur teoloë as dosente vir hierdie vak te benoem, is geglo dat dit die PUK die nodige Christelike vorming ook vir sy studente sou bied wat nie filosofie as vak gehad het nie. Rektor H.J.J. Bingle stel in 1967 dus twee predikante van die GKSA aan om hierdie kursus aan te bied.

'n Kursus in 'n (voorwetenskaplike) Christelike lewens- en wêreldbeskouing kom egter op niks anders neer nie as elementêre Christelike filosofie nie. Dit het impliseer dat daar van nou af, behalwe die genoemde spanning tussen filosofie en teologie, ook kompetisie sou ontstaan tussen filosofie en hierdie verpligte kursus.

1.2 B. Duvenage (02/10/1924-19/07/2011)

Twee teoloë, dr. B. Duvenage en ds. W.J. de Klerk (1928-2009), word aangestel as dosente in die genoemde Departement Interfakultêre Wysbegeerte, later na Departement Wetenskapsleer verander.²

Eersgenoemde word nie net hoof van die Departement nie, maar word ook – so het die gerugte destyds gelui – deur Bingle die hoofskap van die Departement Wysbegeerte na die aftrede van die (kontroversiële) Taljaard belowe. Dit gebeur inderdaad ook in 1975 en hy slaan die filosofiese kitaar tot 1979.

1.3 Akademiese werk

Duvenage se eerste proefskrif (1956) oor beroepsarbeid was primêr van teologiese aard, terwyl sy tweede (1969) proefskrif wel 'n filosofiese kleurtjie daarby gehad het.

Daarna het hy (eers as Departementshoof aan Interfakultêre Wysbegeerte (later Wetenskapsleer) en ook van Filosofie hom toegespits, nie primêr op die destydse wêreldwye diskussie oor wetenskapsfilosofie nie, maar in talle publikasies spesifiek op 'n Christelike benadering tot die wetenskap in die algemeen (vgl. bv. Duvenage, 1985a en 1985b). Soos te verwagte van 'n teoloog, vertoon van die navorsing en publikasies onder sy toesig dikwels 'n biblistiese kleur.

Gesien die groeiende sekulêre klimaat in die land en oorsee, het sy werk min aandag ontvang. Die skrywer is ook nie bewus van 'n gedenkskrif aan Duvenage opgedra nie. Hy tree in 1988 uit diens van die PUK, word van 1988 tot 1992 weer predikant van 'n gemeente in die GKSA en is in 2011 oorlede.

2. N.T. van der Merwe (03/11/1932-14/09/2004)

Die skrywer het ongelukkig nie die voorreg geniet om 'n student van prof Theo van der Merwe te wees nie – volgens sy studente (vgl. sy gedenkbundel) 'n meester. Maar die vlieg het hom later goed leer ken as kollega, departementshoof, lid van die IRS-Beheerraad en -Dagbestuur. 'n Hoogs begaafde mens, 'n wyd-belese geleerde, maar terselfdertyd 'n beskeie en diep gelowige Christen, altyd bereid om ander op watter wyse ook al van hulp te wees.

² De Klerk het destyds besef dat hy nie filosofies onderlê is om die kursus aan te bied nie en raadpleeg my in 1968 oor wat die inhoud daarvan kan wees. Later (De Klerk, e.a.1972) publiseer hy saam met die ander twee dosente 'n handboek vir die kursus. De Klerk bly nie lank by die PUK nie, maar keer terug tot die bediening en voltooi sy proefskrif eers later (De Klerk, 1977).

'n Ware Afrikaanse "gentleman". Ongelukkig moes hy van sy jeug af met 'n swak liggaam saamleef.

2.1 Akademiese opleiding

In die gedenkbundel, wat *postuum* (by wyse van 'n spesiale uitgawe van *Koers*) aan hom opgedra is (vgl. Van der Walt, 2006), verskyn (op p. xvii-xx) 'n *curriculum vitae* (nog deur homself opgestel) waaruit slegs enkele flitse hier weergegee word.

Aan die einde van 1954 verwerf hy die BA-graad met onderskeiding in Grieks, Latyn en Filosofie (lg. onder Stoker en Taljaard) as hoofvakke. In 1955 volg die Hons. BA in Filosofie, weer met lof. Daarna verwerf hy, behalwe 'n Honneurs in Latyn (1957), ook (in 1958) 'n Meestersgraad in Filosofie *cum laude* met 'n magistrale studie oor 'n Christelike Logika (Van der Merwe, 1958 en vgl. ook 1963).

Soos van sy voorgangers, drink hy vanaf 1960 tot 1963 ook by die fontein van 'n reformatoriese filosofie aan die Centrale Faculteit van die VU in Amsterdam waar hy 'n doktoraal (drs.) in filosofie behaal. Hy steek terselfdertyd by professore in die Christelike Oudheid elders in Nederland kers op. As assistent van Vollenhoven is hy verantwoordelik vir Vollenhoven se *Schematiese Kaarten* (Van der Merwe, 1962), wat volgens Vollenhoven se probleem-historiese historiografie 'n kernagtige oorsig bied van die filosofiese konsepsies van ongeveer 1500 leidinggewende Westerse denkers (nie slegs filosofe nie). Hierdie handige hulpmiddel is later deur Brill en Boonstra hersien en van 'n nuttige trefwoordregister voorsien (vgl. Vollenhoven, 2000).

Gedurende 1969 tot 1970 volg 'n tweede navorsingsbesoek aan die VU in Amsterdam. Hierdie keer met die oog op 'n proefskrif oor die vroeg-Christelike denker, Aurelius Augustinus (354-430) onder prof. S.U. Zuidema³, een van Vollenhoven se opvolgers aan die VU. Ongelukkig sou Zuidema weens gesondheidsredes met emeritaat aftree en kon Van der Merwe, hoewel hy later artikels oor Augustinus gelewer het, ook nooit sy proefskrif voltooi nie.

2.2 Departementshoof en publikasies

Van der Merwe is in 1976 tot professor bevorder en lewer (op 06/05/1977) sy diepsinnige inougurele rede oor "Wysheid en teken" en was vanaf 1980 tot 1986 ook hoof van die Departement Filosofie.

Heelwat onderwerpe word in sy lys van populêre en wetenskaplike publikasies behandel (vgl. Van der Walt, 2006:xxi-xxiv). Self dui hy in sy *cur vit* sy hoofbelangstellings aan as antropologie, kenteorie, praktiese logika en die geskiedenis van die Westerse filosofie met die fokus op die vroeë Christendom en kontemporêre filosofieë.

Omdat sy waardevolle werk vir die huidige geslag nog relevant, maar onbekend sal wees, is dit verblydend dat 'n seleksie van sy geskryfte (in Afrikaans en Engels) DV in 2019 as 'n spesiale uitgawe van die tydskrif *Koers* sal verskyn.

2.3 Waardering

Ten slotte word nog vermeld dat daar wye waardering was vir hierdie toegewyde en presiese Christelike filosoof. Dit blyk uit bogenoemde gedenkskrif wat na sy dood aan hom opgedra is. Behalwe sy kollegas en studente in Suid-Afrika het verskeie Nederlanders ook bydraes daarvoor gelewer.

3 Vir enkele besonderhede oor hierdie tweede generasie reformatoriese filosoof, vgl. Zuidema, S.U. (1906-1975) in Vollenhoven, 2005:451-452, breedvoeriger in Klapwijk, 1980:561-562 en uitgebreid in Woldring, 2013:150-159.

3. Pieter G.W. du Plessis (04/01/1932-08/05/2017)

Du Plessis was eers vir agt jaar (tot 1985) dosent in Filosofie (toe nog Wysbegeerte) aan die PUK. In 1986 word hy professor aan die destydse Universiteit van Port Elizabeth en vanaf 1988 tot by sy aftrede hoof van die Departement Wysbegeerte aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit. Gedurende 1988 en 1989 neem hy ook op Potchefstroom waar as hoof van die Departement Wysbegeerte en vanaf 1996 tot 2000 word hy direkteur van die Sentrum vir Geloof en Wetenskap, wat bedoel was om die werk van Wetenskapsleer en later dié van die Instituut vir Reformatoriese Studies oor te neem.

3.1 Akademiese agtergrond

Onder leiding van Stoker behaal hy die MA-graad in Filosofie met 'n verhandeling oor die godsdiensfilosofie van die Duitse filosowe Kant en Hegel (Du Plessis, 1955). Met Stoker as promotor volg 'n proefskrif oor die etiek van vier eksistensialistiese denkers (Du Plessis, 1962).

3.2 Sy filosofiese posisie

Uit 'n onderhoud wat prof J.H. (Amie) van Wyk, redakteur van *Die Kerkblad*, met prof Du Plessis gevoer het (Du Plessis, 2005), blyk dat daar verskillende verskuiwings by die "jongere" generasie van uitbouers plaasgevind het.

Eerstens beskou Du Plessis hom nie as 'n naper van een van die voorafgaande sisteembouers nie. Volgens hom is die vitaliteit en hoogbloei van die Wysbegeerte van die Openbaring (Bavinck), van die Wetsidee (Dooyeweerd) en die Skeppingsidee (Stoker) verby in dié sin dat daar nie meer navolgers is wat dié meesters navolg nie. Hy het ook nie beswaar om (soos deur Van Wyk gesuggereer) van 'n "Wysbegeerte van die Koninkryk" (van God) te praat nie.

Tweedens toon hy 'n groter openheid teenoor die resultate van nie-Christelike denke en wetenskap.

Daarom (in die derde plek) vermy hy ook die term "Christelike wetenskap" en verkies hy liever net "'n Christelike benadering" tot die wetenskappe. Daar bestaan volgens hom wel geen gelooflose wetenskap nie, maar geloof en wetenskap moet ook duidelik onderskei word.

Daarom (in die vierde plek) openbaar sy visie op filosofie 'n duidelik praktikalistiese karakter. 'n Christelike benadering beteken volgens hom dat die *kenner* (wetenskaplike) nog 'n gelowige Christen behoort te wees, maar die "Christelikheid" van die wetenskap het veral betrekking op die *toepassing* van die *resultaat* van sy denke. Maar, kan terloops gevra word, as die resultaat nie meer aanspraak daarop kan maak dat dit Christelik van aard is nie, hoe kan die toepassing daarvan in die praktyk dan Christelik wees?

Hy sê byvoorbeeld dat die oogmerk van filosofie is om skerp en omvattend te dink oor wat 'n mens dink. Maar wysheid (die doel van wysbegeerte) is vir hom om te *weet* wat om (volgens bepaalde norme) te *doen*, om dit waarin jy glo ook te realiseer. Is dit dalk 'n reaksie teen die dikwels te abstrakte karakter van filosofie?

Hierdie aksent bepaal (laastens) ook sy reaksie op die toenemende sekularisasie van die PU vir CHO. Dit wil lyk of dit nie 'n rede tot groot kommer by hom is nie, want Christenwetenskaplikes aan die NWU kan volgens hom nog steeds diens, leiding en sorg aan die buite-akademiese gemeenskap lewer. Weer lê die waarde van 'n Christelike benadering blykbaar hoofsaaklik in die praktiese toepassing daarvan.

3.3 *Spesialisasie, publikasies en waardering*

Behalwe dat Du Plessis leier en promotor van 18 meesters- en 14 doktorsgrade was, was sy eie belangstelling veral gerig op die universiteitswese (vgl. Du Plessis, 1967 en 1969), wetenskapsfilosofie, kultuurfilosofie en etiek. Die skrywer is nie bewus van 'n *Festschrift* aan hom opgedra nie.

4. M. Elaine Botha (gebore 12/09/1938)

Prof Botha hanteer die leisels van die Departement – as die eerste en die enigste vrou aan wie dié voorreg op daardie stadium gegun is – vanaf 1990 tot 1995.

4.1 *Akademiese loopbaan*

Uit die *curvit* van 11 bladsye (van haarself ontvang) word hier net enkele gegewens oorgeneem. Nadat sy (vanaf 1960 tot 1967) in diens van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging gewerk het, vertrek ook sy na die VU in Amsterdam (1967 tot 1971) waar sy onder prof Hendrik van Riessen⁴ promoveer met 'n proefskrif oor sosio-kulturele metavrae (Botha, 1971).

Aan die PUK word sy eers dosent in die hierbogenoemde Interfakultêre Wysbegeerte, in 1975 tot professor daarin bevorder en vanaf 1990 tot 1995 ook hoof van die Departement Filosofie.

In 1995 aanvaar sy die benoeming as vise-rector (akademies) aan Redeemer University College in Ancaster, Ontario, Kanada, 'n pos wat sy tot 2000 beklee het. Sy tree later in die huwelik met prof Bob Goudzwaard en die egpaar woon tans by 'n aftree-oord in die Kaap.

4.2 *Spesialisasie en erkenning*

Weens haar betrokkenheid by Interfakultêre Wysbegeerte publiseer Botha heelwat op die gebied van 'n Christelike benadering tot veral die sosiale wetenskappe. In haar latere betrokkenheid by Filosofie fokus sy veral op die gebruik van metafore in die wetenskap sodat na haar aftrede 'n belangrike werk hieroor die lig sien (Botha, 2007).

Ook in Suid-Afrika ontvang sy erkenning vir haar werk soos daaruit blyk dat in 1992 reeds die Stals-prys vir Filosofie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan haar toegeken word. Die skrywer is nie bewus van 'n gedenkskrif by haar aftrede nie.

5. Johannes J. Venter (gebore op 18/05/1945)

Vir 'n kort tydjie, 1996 tot 1998, het hierdie kopstuk, beter bekend by sy bynaam as Ponti Venter, aan die stuur van die Departement Filosofie gestaan.

5.1 *Akademiese loopbaan*

Hy word 'n PUK en voltooi sy BA-graad, 'n Meestersgraad onder leiding van prof Taljaard (Venter, 1974), word aangestel as dosent en voltooi later 'n doktorsgraad in Filosofie met Van der Merwe as promotor (Venter, 1981).

Maar ook hy het vroeër eers 'n draai by die VU gemaak waar hy sy doktoraalstudie in Filosofie onder 'n tweede en derde generasie reformatoriese filosofie (waaronder filosofe soos H. van Riessen, M.C. Smit, A.P. Bos, J. Van der Hoeven, J. Klapwijk en andere) afgelê het.

4 Van Riessen (1911-2000) het behoort tot die tweede generasie van reformatoriese filosofe aan die VU, het die idees van Vollenhoven en Dooyeweerd probeer versoen (Klapwijk, 1980:570-572) en was verantwoordelik vir algemene sistematiese filosofie en kultuurfilosofie. Woldring (2013:199-211) bied meer gegewens oor hom en sy denke.

Vir enkele jare word hy senior lektor aan die Universiteit van Fort Hare in die Oos-Kaap, maar keer weer terug na sy *alma mater*. In 2009 tree hy uit die aktiewe diens om deelyds by die Vanderbijkampus van die NWU betrokke te wees en sy eie navorsing voort te sit en te publiseer. Vanaf 2018 word hy egter weer aangestel as navorsingsgenoot by die Skool vir Filosofie.

5.2 Belangstelling en spesialisasie in filosofiese rigtings

Soos enige dosent moes hy (volgens sy *cur vit*) klasse oor verskillende onderwerpe aanbied, aan 20 nagraadse studente leiding gee en het by talle nasionale en internasionale akademiese konferensies referate aangebied maar, soos in die geval van die voorafgaande kopstukke is, behalwe die voorafgaande, sy blywendste bydrae seker sy ongeveer 40 wetenskaplike artikels en meer as 'n dosyn populêre publikasies. Eersgenoemdes is deeglike werk wat van besondere skerpsinnigheid getuig. Soos by van sy voorgangers toon sy vroeëre akademiese publikasies veral belangstelling in die universiteitswese.

Uit al hierdie geskrifte word net twee van die belangrikste hier uitgelig. Eerstens sy (ongelukkig nog steeds ongepubliseerde) diktate oor die Westerse denkgeskiedenis waarin hy by Vollenhoven se wysgerige historiografie aansluit, maar tog sy eie ideeëgeskiedenis ontwikkel.

In die tweede plek sy talle vertalings in Afrikaans en Engels met kommentaar van sleutelgeskrifte uit die Westerse intellektuele geskiedenis. Omdat hy vaardig in die klassieke tale, soos Grieks en Latyn is, maar ook Duits, Frans en Italiaans magtig is, het hy die afgelope tyd na sy aftrede onder andere die werke van Tertullianus, Anselmus, Thomas van Aquino, Descartes, Pascal, Kant, Hegel, Mussolini, Marx, Engels, Einstein, Lyotard en Derrida vertaal, waarvan vier bundels reeds gedruk is. Daarin toon hy aan hoe die idees van geleerdes voete dwarsdeur die geskiedenis tot op vandag het.

5.3 Betrokkenheid in die breër samelewing

Prof Ponti was, net soos die meeste van sy voorgangers, nie net met die verlede of sy eie denkgoed besig nie, maar was en is nog steeds nou betrokke by die sosiaal-politiek-ekonomiese lewe van sy land en selfs daarbuite. Alles in die *status quo* wat hy verkeerd bevind het – tot by sy *alma mater*, die PUK/NWU – het hy vlymskerp analiseer en ontmasker.

Gedurende die apartheidsjare was hy, byvoorbeeld, mede-opsteller van die Koinonia-Verklaring (16/11/1977) wat destyds opspraak verwek het en het hy ook later saam met drie ander Doppers deelgeneem aan 'n openbare skuldbelydenis oor apartheid (06/08/1997), ook by 'n sitting van die Waarheids- en Versoeningskommissie voorgelê.

5.4 Waardering

Terwyl sy skerp kritiek dikwels deur die ouere garde as ekstrem beskou is, het van die jongere garde sy denke waardeer. Na sy uittrede dra hulle aan hom die "J.J. Venter Festschrift" op (vgl. Hoogstad & Coletto, 2013) waarin ook twee van sy eie pennevrugte opgeneem word.

6. Pieter J.J.S. Potgieter (gebore op 01/12/1941)

Die leser sal bemerk dat die jare 1999 tot ongeveer 2001 in hierdie oorsig, as gevolg van gebrek aan oorgeblewe informasie daaroor, oorgeslaan is.

6.1 Agtergrond

In dié tyd is verskillende vakke in skole saamgevoeg. Die Departement Filosofie word demoveer tot slegs 'n vakgroep sonder departementshoof binne die nuutgestigte Skool vir Sosiale en Owerheidstudies en verloor so sy onafhanklikheid. Vakante poste word nie gevul nie en filosofie gaan byna ten gronde.

Daar sit egter meer agter hierdie verloop as die modegier van skole, wat die PUK miljoene rande gekos het. Die destydse PUK-bestuur (reeds vanaf ongeveer 1986) was onrustig oor die politieke veranderinge vanaf 1994 en daar vind by hulle 'n politiese swaai na regs plaas. Binne die Christelik-nasionale ideologie probeer hulle – ten koste van die Christelike karakter van die PUK – sy nasionale of Afrikaanse karakter voorop stel. Sekularisasie het gevolglik geleidelik begin toeneem.

Dosente in filosofie, soos Botha, Venter en ander was krities teenoor Christelik-nasionale onderwys en van oortuiging dat die PUK sy bestaanreg net aan sy Christelike karakter kan ontleen. Filosofie is ook om hierdie rede van bo deur 'n outokratiese topbestuur gepenaliseer.

6.2 *’n Nuwe Skool en direkteur*

Toe prof. Pottie Potgieter (vanaf 2001) voorsitter van die vakgroep filosofie word, slaag hy egter daarin om die vakgroep weer op te hef tot die status van 'n afsonderlike Skool vir Filosofie, met homself as eerste direkteur tot 2008.

Dit moet as sy belangrikste bydrae beskou word. Rasegte filosowe is meestal daarvoor bekend dat hulle graag êrens in die wolke dink en leef en dalk nóg oor die nodige talente beskik, nóg enige begeerte koester om te administreer en organiseer. Aan die ander kant is dit ook weer nie ideaal om 'n persoon wat nie filosofies goed onderlê is in beheer van 'n Skool vir Filosofie te plaas nie. Dit egter net terloops.

6.3 *Akademiese loopbaan*

Prof Potgieter studeer ook van die begin af aan die PUK en behaal sy Magistergraad (Potgieter, 1972) en doktorsgraad (Potgieter, 1979) in Staatsleer. Daarna beklee hy verskillende poste by die Sentrum vir Internasionale Politiek, as studentedekaan, direkteur van die Sentrum vir Geloof en Wetenskap en die Skool vir Filosofie om in 2009 finaal uit diens te tree.

6.4 *Bydrae*

In vergelyking met die voorafgaande kopstukke het Potgieter baie min publiseer (vgl. katalogus van die Ferdinand Postma Biblioteek). Ook gedurende die agt jaar wat hy direkteur van die Skool vir Filosofie was, het niks van filosofiese van ander aard uit sy pen die lig gesien nie. Hy het, soos reeds genoem, primêr in administratiewe hoedanigheid 'n bydrae gelewer.

7. *Michael F. Heyns (gebore op 12/12/1961)*

Soos al die voorafgaande kopstukke die afgelope 100 jaar is Heyns ook 'n "produkt" van die PUK en soos verskeie van hulle het hy ook 'n draai by die VU gemaak.

7.1 *Akademiese loopbaan sover*

Heyns behaal in 1982 die BA-graad met Grieks en Filosofie as hoofvakke, in die jaar daarop volg 'n Honneurs in Filosofie en twee jaar later 'n Meestersgraad onder leiding van prof N.T. van der Merwe (Heyns, 1986). Met die oog op bediening in die NG Kerk studeer hy die volgende twee jaar aan die Universiteit van Pretoria en skryf vir sy BD (Baccalaureus Divinitatis), met prof J.A. Heyns as studieleier, 'n skripsie oor *Ideologiekritiek in teologie en volk*.

Nadat hy vanaf 1990 tot 1992 lektor in Filosofie aan die Universiteit van Zoeloeland was, word hy as lektor in Filosofie op Potchefstroom benoem. Intussen werk hy aan sy proefskrif onder leiding van prof. Johan van der Hoeven⁵ van die VU en promoveer in 2002 oor Charles Taylor (Heyns, 2002).

5 Vir besonderhede oor hierdie denker in die derde generasie van reformatoriese filosowe aan die VU, vgl. Klapwijk (1980:577) en in meer besonderhede Woldring (2013:259-269).

In 2003 word Heyns senior lektor en vanaf 2006 word hy tot medeprofessor bevorder. Vanaf 2009 neem hy die direkteurskap van die Skool vir Filosofie en die Instituut vir Grondslae-Ondersoek (IGO) by prof Potgieter oor.

7.2 Publikasies en belangstellings

'n Lys van populêre en akademiese publikasies (vanaf ongeveer 1993 tot 2017) is by Heyns beskikbaar. Gaan 'n mens die lys asook sy doseerverpligtinge na, blyk sy belangstellingsrigtings en spesialiteite naastenby die volgende te wees: Kultuurfilosofie (waaronder bv. probleme i.v.m. globalisering en multikulturaliteit), antropologie (waaronder bv. seksualiteit en etiese kwessies), samelewingsfilosofie (soos bv. ideologie en geweld), die hedendaagse verkommersialiseerde universiteitswese, kontemporêre denkers en Christelik-reformatoriese filosofie.

8. Evaluerende terugblik

Ter afsluiting van al drie die artikels oor filosofie meer as 'n eeu op Potchefstroom volg nou enkele opmerkings oor die volgende: (1) Die sleutelrol wat filosofie op die PUK in die algemeen gespeel het; (2) Die gemeenskaplikhede en verskille tussen die kopstukke hier bespreek; (3) Enkele probleme en uitdagings; (4) Moontlike antwoorde op die vraag waarom die reformatoriese filosofie nie 'n veel groter impak gehad het nie.

8.1 Die sleutelposisie van filosofie aan die PUK

Uit hierdie en die vorige twee artikels (Van der Walt, 2017 en 2018) blyk duidelik dat die PUK weens sy "van" (vir Christelike Hoër Onderwys) van die begin af op 'n Christelike wysbegeerte aangewese was, 'n afhanklikheid in tweërlei sin, teties en antiteties.

8.1.1 Die tetiese kant

Die PUK moes byvoorbeeld swaar op sy filosowe aanleun om vas te stel wat "Christelike Hoër Onderwys" presies inhou en hoe hierdie hoë ideaal teoreties en prakties verwesentlik sou kon word; wat die implikasies van 'n Christelike geloof in die Skrif vir wetenskaplike ondersoek, onderwys en gemeenskapsbetrokkenheid is; wat die taak en grense van 'n universiteit is en sy verhouding tot die res van die samelewing behoort te wees, en nog meer.

8.1.2 Die antitetiese faset.

Die PUK was ook grootliks van filosofie afhanklik vir antitetiese kritiek op die gangbare lewensvisies, ideologieë en wetenskapsteorieë. Aan die begin was dit veral die rasionalisme (in verskillende strominge) se outonoom-verklaarde rede, wat 'n neutrale (sg. geloofsvrye) wetenskap sou waarborg. Later het dit verskillende vorme van die irrasionalistiese relativisme geword. Hierbenewens het die meeste kopstukke hier bespreek, ook tendense in die SA samelewing, soos eers Britse imperialisme en later Afrikaner nasionalisme, onder die loep geneem.

'n Christelike inrigting vir hoër onderwys sonder 'n Christelike lewensvisie en daarop gegronde filosofie is onvoorstelbaar.

8.1.3 'n Unieke kombinasie

Dit was dus 'n besondere, ideale situasie dat die PUK lank Christelike filosowe in sy diens gehad het en dat, omgekeerd, Christelike wysgere sonder enige verandering ook hulle filosofie daar kon doseer. Dit is nie 'n vanselfsprekendheid nie⁶, want beide is seldsame

6 Vgl. die slotartikel in hierdie reeks.

verskynsels. Waarom vind 'n mens byvoorbeeld so weinig Christelik-geïnspireerde filosowe? Slegs omdat dit 'n moeilike vak is en vandag ook van weinig praktiese nut geag word?

Die eerste rede kan onbekendheid met die moontlikheid van so 'n benadering wees. Maar soms ook onwilligheid om jou die moeite te troos om daarvan kennis te neem. Dit is baie eenvoudiger om as Christen saam te swem op die golf van wat filosofies in die mode is. Wat gangbaar is, mag egter nie deur 'n Christen ook as aanvaarbaar beskou word nie.

Nou hieraan verbonde mag daar, tweedens, ook die behoefte wees om in tel te wees, die erkenning van jou vakgenote nasionaal en selfs internasionaal te geniet – ook deur diegene wat 'n Christelike benadering nie goedgesind is nie.

In die derde plek, kan die rede 'n dualistiese ingesteldheid by Christelike denkers wees. Aan die een kant glo hulle in die Skrifte – en verkondig dit selfs van kansels af – maar aan die ander kant word vanaf die kateder in die klaskamer sekulêre oortuigings aan hulle studente oorgedra.

Omdat die mens onherroeplik as 'n religieuse wese geskep is, wat nie anders kan as om sy hart en lewe aan iets of iemand te verpand nie, bestaan daar egter 'n nou verband tussen die religieuse oortuiging van 'n denker en sy denke. Hy/sy dra nie net feitlikhede nie, maar implisiet daarin ook sy eie norme in sy publikasies en aan sy studente oor.

Dit kan spontaan gebeur, maar vandag in ons goddelose, sekulêre globale kultuur, vind dit ook doelbewus plaas. Dit gebeur selfs met arrogante onverdraagsaamheid teenoor enige sweem van Christelike denke of gedrag. Op hierdie wyse word ontvanklike jong mense kontak met 'n Christelike geloof en denke ontnem en selfs tot aggressie daarteen beïnvloed. En hulle wat nog in 'n Christelike gesin grootgeword het, se lewensvisie en -wandel word vergiftig en vernietig.

Soos nog hieronder (by 8.3 en 8.4) sal blyk, wil die vlieg egter geensins suggereer dat in die geval van filosofie op PUK die hemel op Potchefstroom neergedaal het nie.

Die tweede gedeelte in hierdie terugskouende besinning gaan oor:

8.2 Eenheid en verskeidenheid by die verskillende kopstukke

Wat sou 'n mens verder na aanleiding van die profielsketse van denkers wat van belang was vir die ontwikkeling van filosofie op Potchefstroom die afgelope eeu kan aflei? Myns insiens die volgende twee dinge: eenheid en verskeidenheid.

In twee opsigte was daar onderlinge eenheid. Eerstens het almal dieselfde oortuiging gedeel dat hul Christelike geloof en wetenskap op een of ander wyse met mekaar te make het; dat 'n Christelike benadering dus geregverdig kan word, die moeite werd is, 'n roeping kan wees. 'n Reformatoriese denkgemeenskap het bestaan. Tweedens het baie van hulle op soortgelyke of dieselfde soort probleme besin.

Beteken dit dat hulle almal in geslote lid marsjeer het, die lateres net eggo's van die vroeëres was? Hoewel nie soveel hoofde, soveel sinne nie, was daar nogtans, ook al het dit oor dieselfde vraagstuk gegaan, onderlinge, soms ernstige, verskille (vgl. bv. Van der Walt, 2014). Dié feit hoef egter nie noodwendig negatief beoordeel te word nie. Dit het dikwels verdere filosofiese besinning oor moeilike kwessies gestimuleer.

Hier volg nou enkele van hierdie onopgeloste vraagstukke wat vandag om verdere refleksie vra.

8.3 Terugkerende, basiese vraagstukke – uitdagings vir die toekoms?

Filosofie staan meestal voor probleme wat onontwykbaar is, maar terselfdertyd nooit finaal oplosbaar nie. Enkeles van hulle word hier genoem sonder om weer terug te verwys na die besproke kopstukke by wie sekeres van die kwessies na vore gekom het. Die lys beweeg van meer basiese teoretiese vrae na ander wat meer aan die periferie lê of prakties van aard is. Die bedoeling daarvan is om tot besinnende selfondersoek in die reformatoriese filosofiese tradisie aan te spoor.

8.3.1 *Teoretiese vrae*

- Wat presies is die verhouding tussen religie (van enige soort) en filosofie? Staan hulle los van mekaar of beïnvloed eersgenoemde laasgenoemde en hoe mag of behoort dit gebeur?
- Wat presies is die verband tussen 'n Christelik-georiënteerde filosofie en God se drieërlei openbaring in die skepping, in die Skrif en finaal in Jesus Christus? Watter rol kan eersgenoemde openbaring in die wetenskap speel en hoe moet die tweede reg gebruik word om nie in biblisme te verval nie?
- Wat presies hou 'n Bybelsbegronde of Skrifmatige werklikheidsvisie in? Hoe moet die verhouding tussen God, sy skepping en sy verordeninge vir sy skepping gesien word? Sulke basiese ontiese vrae is belangrik omdat die latere generasies (in die derde artikel "uitbouers" genoem) meestal op detailprobleme toegespits het en die vertrekpunte van 'n eie sistematiese filosofie dus nie altyd meer duidelik deur hulle uitgespel is nie.
- Wie is die mens en wat is sy roeping? Aan die begin het ook hierdie moeilike antropologiese vraag meer aandag as by daaropvolgende generasies ontvang.
- Hoe kan 'n reformatoriese samelewings- en kultuurfilosofie 'n vernuwende bydrae in die hedendaagse sekulêre, multi-religieuse wêreld, kultuur en samelewing lewer?
- Ook die epistemologiese vraag sal altyd aktueel bly, naamlik hoe dit moontlik is om betroubare kennis, die waarheid oor 'n komplekse werklikheid en God se riglyne vir die lewe te bekom.
- Wat behoort die terreine (velde van ondersoek) vir filosofie en teologie te wees asook die onderlinge verhouding tussen 'n reformatoriese wysbegeerte en teologie binne 'n Christelike denkgemeenskap? Is daar werklik nog tyd te verspil om, te midde van die diepgaande en omvattende sekularisering van die hele lewe, te stry oor wie van die twee die koningin behoort te wees? In plaas van vlieë vang van mekaar, is erkenning, samewerking en wedersydse ondersteuning vandag dringend nodig. Dat hierdie nie 'n bloot teoretiese vraag is nie, maar ingrypende implikasies kan hê, sal weer duidelik in die slotartikel word.
- 'n Volgende wetenskaps-teoretiese vraag is watter soort hulp filosofie aan ander vakwetenskappe kan bied, asook die omgekeerde: hoe filosofie die resultate van ander dissiplines behoort te evalueer en verwerk.
- 'n Apologeties-kommunikatiewe vraag is wat die relasie behoort te wees van 'n Christelike benadering tot vroeëre voor-Christelike en hedendaagse na-Christelike denngoed. Moet dit antiteties of akkommoderend wees of beide tegelyk?

8.3.2 *Praktiese vrae*

Die volgende gaan veral oor hoe die reformatoriese filosofie aangebied is en dalk beter gekommunikeer kan word.

- Is daar nie dalk te hoog gevlieg deur die reformatoriese tradisie in lywige boeke en moeilik-verstaanbare artikels toe te sluit, en nie genoeg gedoen

om dit te populariseer nie, sodat die man/vrou in die straat ook daardeur gepak kon word om volgens 'n Christelike lewensvisie te dink en leef nie? "Gewone" Christene sal heelwaarskynlik ook meer tot 'n reformatoriese lewensvisie aangetrokke voel, as duidelik blyk dat en hoe dit stewig op die Bybel begrond word.

- Was die Potchefstroomse filosofie nie te lank hoofsaaklik in Afrikaans – wat in Suid-Afrika met apartheid geassosieer is en elders in die wêreld ook nie gelees word nie – opgesluit nie?
- Het die filosowe op Potchefstroom in die verlede nie te sterk teen 'n Nederlandse en Europese denkwêreld aangeleun nie deur byvoorbeeld oorsee en oor Westerse figure te promoveer? Is so 'n Westers-georiënteerde denkwyse werklik relevant vir Suid-Afrika, deel van 'n kontinent met totaal ander godsdienste, kulture en vraagstukke? Moet 'n Christelike Afrika-filosofie nie – veral vandag – die ideaal wees nie? (Vgl. bv. die pleidooie van Van der Walt, 1994.)

Bogenoemde kwessies bring hierdie terugskouing by 'n volgende en laaste vraag: Waarom het Potchefstroomse filosofie oor so 'n lang tydperk nie 'n veel groter impak gehad nie? Na die voorafgaande selfondersoek, word die aandag veral op omgewingsfaktore buite beheer van die reformatoriese tradisie gevestig.

8.4 *’n Beperkte trefkrag*

Om die invloed van iets soos filosofie te meet, is moeilik. Dit sal bowendien op verskillende vlakke nagegaan moet word. Behalwe op die PUK in die algemeen, ook op baie studente se latere lewe en rol in die breë Suid-Afrikaanse samelewing. Die grootste impak bly vanuit die bakermat in Nederland waarvandaan dit na 'n dosyn wêrelddele versprei het en toepassings in talle vakwetenskappe gevind het (Van der Walt, 2010: 127-151).

'n Mens mag nogtans die vraag stel waarom so 'n ryk en bevrydende filosofie nie 'n nog groter en wyer trefkrag gehad het nie. Reeds gedurende die laaste kwart van die vorige eeu het Zijlstra (1975:29-33) al die vraag gestel en heelwat van sy antwoorde daarop geld ook vir die Suid-Afrikaanse spruit van hierdie filosofie. Sy opmerkings word hier weergegee en vanuit die Suid-Afrikaanse konteks aangevul.

8.4.1 *Sekularisme*

Zijlstra skryf nog aan die begin van die laaste kwart van die 20ste eeu. Maar reeds toe het allerlei sekulêre filosofieë eeue lank al wêreldwyd die toon aangegee. Daarom noem hy die twintigste eeu 'n tyd van twyfel en wanhoop, van pragmatistiese magspoliteik, van (nog steeds) neutrale positivistiese wetenskapsideale, gebou op sogenaamde waardevrye feitlikhede en daarom afsydig teenoor enige soort Christelik-filosofiese nadenke, wat metafisies, selfs ideologies en in alle geval heeltemal irrelevant sou wees. 'n Radikaal-Christelike filosofie wat openlik van die kruis en verlossing van Jesus Christus uitgaan, was eenvoudig in so 'n milieu belaglik. In die volgende artikel sal aangetoon word dat die Skool vir Filosofie op die Potchefstroomkampus vandag ook steeds meer hierdie soort houding en selfs openlike vyandigheid ervaar.

8.4.2 *’n Dualistiese geloof by Christene*

Zijlstra se tweede rede is dat sowel Rooms Katolieke as Protestantse Christene al baie eeue dink en leef volgens 'n onbybelse, dualistiese lewensvisie waarvolgens die werklikheid en lewe verdeel word tussen 'n terrein van natuur met daarbo 'n terrein (of ryk) van bonatuurlike genade of 'n sogenaamde geestelike lewe. Op die natuurlike terrein van die alledaagse bestaan sou 'n mens se rede en filosofie voldoende wees om egte wysheid te

vind, maar hy het tog die bonatuurlike, goddelike openbaring nodig vir geloof in waarheid oor die verlossing van sy siel waarvoor die teologie onontbeerlik sou wees.

Volgens Zijlstra is hierdie dualisme so ingewortel in die denke van die meeste Christene, Rooms sowel as Protestants, dat hulle outomaties weerstand toon teenoor die integrale visie van 'n Christelik-reformatoriese filosofie.

8.4.3 *Onontvanklikheid by Christelike teoloë*

Vervolgens wys Zijlstra daarop dat dieselfde dualisme, waarop die Roomse dogma gebou is, ook Protestantse teologieë geïnfekteer het. Dit blyk byvoorbeeld duidelik uit onderskeidings en skeidings soos God as Skepper en Verlosser, God se algemene en besondere openbaring, sy algemene en besondere genade, die mens as algemene en besondere beeld van God, die algemene amp van gelowiges en die besondere kerklike ampte, staat en kerk en so meer.

Omdat hierdie eeuoues dubbelfokusdenke deur 'n integrale reformatoriese filosofie bevraagteken is, was dit 'n skok vir sowel ou as nuwe skolastiek-gekleurde sowel as sekulêre teoloë en het hulle dit eenvoudig ignoreer of beveg. Dit het veroorsaak dat, hoewel 'n reformatoriese denkwyses heelwat medewerkers in ander dissiplines gekry het, dit tot dusver nie veel uitstaande teoloë opgelewer het nie ('n Uitsondering is Spykman, 1992). Hiermee word nie ontken dat reformatoriese filosowe soms ook gereformeerde teoloë (omdat hulle sinteties-dualistiese bly dink het) stiefmoederlik behandel het nie.

8.4.4 *Ontkenning van die grondliggende rol van filosofie*

Zijlstra wys verder daarop dat binne die Roomse tradisie altyd besef is (al was dit op sinteties-dualistiese wyse) dat vir hulle teologie (op die bonatuurlike terrein) 'n filosofiese basis (op die terrein van die natuur) onontbeerlik is. Ongelukkig was die sestiende-eeuse Reformasie net op kerk en teologie gefokus en het nie 'n eie integrale Christelike filosofie ontwikkel nie. Ook in die geval van (veral ortodokse) Protestantse (Gereformeerdes, Lutherane en Anglikane) daarna het die leemte voortbestaan sodat dit nie gewapen was teen onbybelse geestesstrominge en filosofieë nie.

Vandag nog dink die meeste van hierdie teoloë dat hulle nie 'n filosofie nodig het of daarin geïnteresseerd hoef te wees nie. Volgens Zijlstra is hulle egter onbewus van onbybelse filosofiese idees wat hulle teologieë binnegesluit het.⁷ Tot vandag toe wil hulle nie erken dat hulle teologieë op diepliggende filosofiese uitgangspunte gebou is nie.

8.4.5 *'n Kontroversiële samelewingsfilosofie*

'n Volgende saak wat 'n reformatoriese filosofie se impak kon beperk het, was (weer volgens Zijlstra, maar ook deur hierdie skrywer self waargeneem) die nuwe samelewingsfilosofie wat in 'n reformatoriese filosofie voorgestaan is. Tradisioneel is vir eeue lank 'n onderskeid gemaak tussen 'n sogenaamde bonatuurlike of geestelike terrein van die kerk en 'n sogenaamde natuurlike (min of meer neutrale) gebied van die wêreld (die staat en die res van die samelewing).

Hierteenoor het reformatoriese filosowe geleer dat die kerk 'n natuurlike geloofsverband is. "Natuurlik" in die sin dat dit 'n deel is van die deur God geskape werklikheid en aan sy verordeninge onderworpe behoort te wees. Ook al die ander samelewingskringe (die sg. natuurlik-neutrale) is van a tot z aan God se riglyne, wat van die skepping af bestaan, onderworpe en hulle kan, net soos die kerk, aan Christus se verlossingswerk deel hê. Geen enkele voorrang mag dus aan 'n sogenaamde geestelike verband (die kerk) toegeken word

7 Ook die Fakulteit Teologie en die Teologiese Skool van die GKSA op Potchefstroom het lank gelede al reeds besluit – myns insiens tot hul eie nadeel – dat dit nie vir aanstaande predikante en teoloë nodig is om Filosofie in hulle kursus in te sluit nie.

nie asof dit vanselfsprekend goed en bo kritiek verhewe sou wees nie.

Volgens die beginsel van soewereiniteit in eie kring, verspreide verantwoordelikheid of strukturele pluralisme het elke samelewingsverband 'n eie terrein, taak, ampte, gesag en verantwoordelikheid in diens van God se omvattende koninkryk. In verbande buite die kerk moet daar ook volgens die beginsel van konfessionele pluralisme ruimte gelaat word vir ander geloofstradisies – die Christelike inklusie.⁸

Ongelukkig is hierdie vrugbare gedagtes van so 'n samelewingsfilosofie – ook in die gereformeerde kerke en teologieë in Suid-Afrika – geïgnoreer en het sowel Roomse as Protestantse teoloë eerder verkies om by óf individualisties- óf sosialisties-georiënteerde samelewingsbeskouings kers op te steek.

8.4.6 *’n Kulturele afstand*

Laastens beklemtoon Zijlstra (1975:30) 'n soortgelyke struikelblok, reeds hierbo (in verband met kontekstualisering in Afrika) aangeraak, naamlik dat die reformatoriese filosofie in 'n Europese konteks ontstaan en ontwikkel het, 'n ander kultuur as dié in Angelsaksies-Amerikaanse wêreld. Bowendien was vir baie jare (selfs vandag nog) van die belangrikste bronne oor die reformatoriese tradisie in Nederlands opgesluit, 'n taal wat deur min mense in die res van die wêreld gelees word. Die Engelse vertalings uit Nederlands was ook nie altyd op standaard nie.

'n Mens sou nog heelwat ander redes kon byvoeg waarom die reformatoriese denke nie 'n groter impak in Suid-Afrika en ook elders in die wêreld gehad het nie. Christene lees byvoorbeeld nie meer veel nie en die huidige kitskultuur van spesialisasie lei ook daartoe dat wetenskaplikes al meer en meer eenogig word. In ons gejaagde wêreld het hulle nie eers tyd om op hoogte te bly met hulle eie vaklektuur nie, waarom nog in filosofie belangstel? Bowendien word filosofie deur baie ook beskou as 'n abstrakte, nuttelose “gegorrel”.

Uit hierdie paar opmerkings van Zijlstra en myself is dit glashelder dat nog heelwat gedoen sal moet word om hierdie ryk tradisie vandag toegankliker ten aanvaarbaarder te maak. Daarby behoort byvoorbeeld ook die digitale middele, wat vandag so invloedryk en populêr is, ingespan te word. (Word vervolg in laaste aflewering.)

8 Vir meer hieroor vgl. bv. McCarthy e.a. (1981) ; Skillen and McCarthy (1991); Mouw and Griffioen (1993) en Van der Walt (2010:410-470).

9. BIBLIOGRAFIE

- Botha, M.E. 1971. *Sosio-kulturele metavrae*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
<https://doi.org/10.1163/22116117-90001238>
- Botha, M.E. 2007. *Metaphor and its moorings; studies in the grounding of metaphorical meaning*. Bern: Peter Lang.
- De Klerk, W.J. 1977. *Rousmart; die pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare*. Braamfontein: Die Evangelis.
- De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H. 1972. *Roeping en werklikheid*. Potchefstroom: Herald Drukkery.
- Du Plessis, P.G.W. 1955. 'n Kritiese studie van die godsdiens-wysgerige beskouinge by I. Kant en G. Hegel. Potchefstroom: PU vir CHO (MA-verhandeling).
- Du Plessis, P.G.W. 1962. *Opskorting van die etiese; die ontwerp van die etiese behore by M. Heidegger, K. Jaspers, J.P. Sartre en S. De Beauvoir*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif).
- Du Plessis, P.G.W. 1967. *Gevraagde universiteit; eenheid van die wetenskap in spesialisasie en beroepsvoorbereiding aan die huidige universiteit*. Port Elizabeth: Univ. van Port Elizabeth.
- Du Plessis, P.G.W. 1969. *Filosofie binne en buite die universiteit*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Du Plessis, P.G.W. 2005. Die redakteur (prof. J.H. van Wyk) gesels met prof. Pieter du Plessis. *Die Kerkblad*, Julie, pp. 8-11.
- Duvenage, B. 1965. *Beroepsarbeid in die lig van die Christelike etiek*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif) en Bloemfontein: SACUM.
- Duvenage, B. 1969. *Die religieuse grondmotief van die konsepsies van Visser 't Hooft met betrekking tot die Wêreldraad van Kerke; 'n wysgerige benadering*. Potchefstroom: PU vir CHO (proefskrif) en in Johannesburg: Boekhandel De Jong.
- Duvenage, B. 1985a. *Christelike wetenskap as Woordgebonde wetenskap*. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Duvenage, B. 1985b. *Christian scholarship as Word-bound scholarship*. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Heyns, M.F. 1986. *Seksualiteit en mag; 'n filosofiese verkenning van enkele twintigste-eeuse sieninge*. Potchefstroom: PU vir CHO. (M.A.-verhandeling).
- Heyns, M.F. 2002. *The transformation of the concept "self" with special reference to the work of Charles Taylor*. (Proefskrif aan Vrije Universiteit, privaat gepubliseer.)
- Hoogstad, H. & Coletto, R. (eds). 2013. *The J.J. Venter Festschrift*. Special issue of *Koers*, 78(2):1-121.
- Klapwijk, J. 1980. Honderd jaar filosofie aan de Vrije Universiteit. In: Van Os, M. & Wieringa, W.J. (eds). *Wetenschap en rekenschap; een eeuw van wetenschapsbeskouwing en beoefening aan de Vrije Universiteit*. Kampen: Kok, pp. 529-593.
- McCarthy, R., Oppewal, D., Peterson, W. & Spykman, G.J. 1981. *Society, state and schools; a case for structural and confessional pluralism*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Mouw, R.J. & Griffioen, S. 1993. *Pluralism and horizons; an essay in Christian public philosophy*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Potgieter, P.J.J.S. 1972. "Op die voorpunt van die tye"; hooftrekke van die staatkundige denke van L.J. du Plessis. Potchefstroom: PU vir CHO (MA-verhandeling).
- Potgieter, P.J.J.S. 1979. *Die sogenaamde post-behaviouristiese rewolusie: 'n oplossing vir die krisis in die Amerikaanse staatsleer?* Potchefstroom: PU vir CHO (Proefskrif).
- Skillen, J.W. & McCarthy, R.M. (eds). 1991. *Political order and the plural structure of society*. Atlanta, Georgia: Scholars Press.
- Spykman, G.J. 1992. *Reformational theology; a new paradigm for doing dogmatics*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans. <https://doi.org/10.1177/004057369305000125>
- Van der Merwe, N.T. 1958. *Op weg na 'n Christelike Logika*. Potchefstroom: PU vir CHO. (MA-verhandeling.)
- Van der Merwe, N.T. 1962. *Schematische Kaarten met register behorend bij "Kort overzicht van de geschiedenis der Westerse Wijsbegeerte" van prof. D.H.Th. Vollenhoven*. Amsterdam: Vrije Universiteit.
- Van der Merwe, N.T. 1963. Aanpassing en verruiming in die Logika. *Philosophia Reformata*, 28:147-169.
<https://doi.org/10.1163/22116117-90001082>

- Van der Walt, B.J. 1994. The crying need to a Christian worldview and a Christian philosophy in Africa. *Orientation; international circular of the Potchefstroom University for CHE*, no. 71-74:162-207, January-December.
- Van der Walt, B.J. 2010. *At home in God's world*. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa.
- Van der Walt, B.J. 2014. *At the cradle of a Christian philosophy in Calvin, Vollenhoven, Stoker and Dooyeweerd*. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa.
- Van der Walt, B.J. 2017. Op die spore van filosofiese onderwys op Potchefstroom honderd jaar gelede. *Koers*, 82(1) elektronies beskikbaar. <https://doi.org/10.19108/koers.82.1.2287>
- Van der Walt, B.J. 2018. 'n Kykie na kopstukke; filosofie op Potchefstroom die afgelope eeu (1917-2017). Deel 1: Die sisteembouers. *Koers*, jg. 82.
- Van der Walt, B.J. (red). 2006. *Sola Gratia; Christelik-filosofiese studies; Festschrift opgedra aan prof N.Theo van der Merwe (1932-2005)*. Spesiale nommer van *Koers*, 71(1).
- Venter, J.J. 1974. *Die waarheidsprobleem in die ontologie van die Voor-Sokratici..* Potchefstroom: PU vir CHO. Ongepubliseerde MA-verhandeling in Filosofie.
- Venter, J.J. 1981. *Geloofsgebonde denke by Anselmus; 'n studie van sy wysgerige metode*. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif).
- Vollenhoven, D.H.Th. 2000. *Schematische Kaarten; filosofiese concepties in probleemhistorisch verband*. (Reds. K.A. Brill & P.J. Boonstra). Amstelveen: De Zaak Haes. <https://doi.org/10.1163/22116117-90000205>
- Vollenhoven, D.H.Th. 2005. *Wysgerig Woordenboek*. (Red. K.A. Brill.) Amstelveen: De Zaak Haes.
- Woldring, H.E.S. 2013. *Een handvol filosofen; geschiedenis van de filosofie-beoefening aan de Vrije Universiteit van 1880 tot 2012*. Hilversum: Verloren.